# Enkele opmerkings oor die wese van die kerk

G M M Pelser
Universiteit van Pretoria

Abstract
Some remarks on the nature of the church

This article is an endeavour, broadly based on the New Testament, to formulate by means of a number of theses with comments, what may be regarded as the most distinctive characteristics of the church. It represents a selection of traits taken from different New Testament documents, which show a preference for the Pauline understanding of the concept, as well as for the earlier over against later institutionalized versions of ecclesiastical self-understanding as expressed, for example, in the Pastorals.

## 1. INLEIDING

Wat hieronder by wyse van 'n aantal stellings tot uitdrukking gebring word, is 'n poging om op grond van die getuienis van die Nuwe-Testamentiese dokumente iets te probeer verwoord van wat waarskynlik gesien moet word as van die wesenlikste karaktertrekke van die kerk. Hoewel dit stellinggewys gedoen word, maak ek nie hiermee op stelligheid aanspraak nie. Ek is met ander woorde volkome bewus van die moontlikheid van ander beskouings oor die saak of dat in bepaalde gevalle waarskynlik anders geformuleer kan word. Die Nuwe Testament dien breedweg as basis van waaruit die stellings geformuleer word, maar ek het my doelbewus daarvan weerhou om vir elke stelling of onderdeel daarvan na 'n teks of tekste te

verwys. Die rede hiervoor is dat ek nie 'n aantal tekste bloot as *dicta probantia* wou gebruik nie, en daar ook ten opsigte van bepaalde stellings nie na hierdie of daardie teks verwys kan word nie, maar alleen na die Nuwe Testament in breër verband.

## 2. VOORAFOPMERKINGS

* Daar is in die Nuwe Testament geen aanduiding dat Jesus 'n (die) kerk gestig (of gewil?) het nie (vgl tereg o a Bultmann 1968:9; Conzelmann 1968:49; Roloff 1978:510).
* Of die woorde (verkondiging) en die optrede van Jesus die aanleiding (*Voraussetzung* – Conzelmann 1968:49; *implizite Ekklesiologie* – Trilling 1988:82) vir die ontstaan van die kerk was, kan nie met stelligheid beweer word nie (kyk egter ook Schenke 1990:81). Dit blyk selfs dat daar in die Jesusnavorsing nie eenstemmigheid daaroor is dat Jesus, of Hy dan ook die rol van 'n eskatologiese profeet of van 'n wysheidsleraar vervul het (kyk Borg 1988; Vorster 1991), doelbewus 'n eie beweging gestig het nie (vgl Borg 1991).
* Die waarskynlikste blyk te wees dat die kerk ontstaan het as gevolg van die Paaskerugma. En indien die vroeg-kerklike tradisie dit reg het dat Petrus minstens aanvanklik 'n leidende rol in die Jesusbeweging gespeel het, is dit waarskynlik korrek om te sê dat, histories gesien, hy die stigter van die kerk was (kyk Conzelmann & Lindemann 1980:401).
* Dat die dokumente van die Nuwe Testament 'n bonte en soms teenstrydige verskeidenheid van persepsies oor die (wese van die) kerk vertoon, asmede 'n ontwikkeling van persepsies, kan nie ontken word nie.
* Dit is daarom nie moontlik om simplisties of ongekwalifiseerd van 'die kerkbegrip' in/van die *Nuwe Testament* te praat nie. Derhalwe kan daar alleen van die kerkbegrip van hierdie of daardie *dokument* van die Nuwe Testament gepraat word (kyk Bornkamm 1969:187).
* Die term 'kerkbegrip' is in elk geval ook, teen die agtergrond van die kerklike situasie(s) in die eerste eeu gesien, 'n te moderne en gelade term om vir die selfverstaan van die Jesusvolgelinge van daardie vroegste stadia te gebruik. Om in hierdie verband van 'n kerklike 'selfverstaan' te praat, is dus baie meer gepas.
* Daar moet natuurlik ook in gedagte gehou word dat selfs die begrip 'kerk' uit die staanspoor by ons assosiasies oproep wat in die Nuwe-Testamentiese situasie nog geensins aan die orde was nie.

* Die feit dat die Nuwe Testament 'n verskeidenheid van persepsies oor, asmede 'n ontwikkeling in kerklike selfverstaan vertoon, het die onvermydelike gevolg dat wanneer 'n mens meen om tog bepaalde uitsprake oor die kerkbegrip van die Nuwe Testament te maak, dit alleen op die basis van 'n seleksie of 'n keuse vir hierdie of daardie Nuwe-Testamentiese dokument se persepsie sal kan geskied.
* Nie alle latere ontwikkelinge wat daar in bepaalde kringe van die vroegste kerk plaasgevind het, hoef negatief beoordeel te word nie. Dat daar egter gedurende die sogenaamde vroegkatolieke periode ontwikkelinge plaasgevind het wat die karakter van die kerk verander het (vgl hiervoor oa Küng 1970; Luz 1974; Schulz 1976:383- 402; Dunn 1977:341-66; Hahn 1983) en as minder gelukkig beskou moet word, blyk onontkenbaar te wees.
* Die herkoms van die term *ekklesia* en die motief vir die gebruik daarvan om die kerk mee aan te dui, is te onseker om daaruit afleidings te maak met betrekking tot die wese van die kerk (vgl o a Van Aarde 1987:339-45 vir een van die baie verklaringspogings, en kyk ook Hainz 1972:229-55; Willi 1993).
* Die verskillende denominasies of kerke weerspieël, elkeen op sy beurt, 'n affiniteit of keuse vir die een of ander Nuwe-Testamentiese persepsie van die kerk (kyk Käsemann 1970; Dunn 1977:377).

Na wat tot dusver opgemerk is, sal die leser by die deurlees van die stellings wat hierna volg, betreklik gou agterkom dat daar selektief met die Nuwe Testament te werk gegaan is. Indien sommige dit egter as 'n arbitrêre seleksie sou ervaar, vertrou ek nogtans dat dit darem nie as té arbitrêr beleef sal word nie. Ek is my volkome daarvan bewus dat om werklik aan die verskeidenheid in die Nuwe Testament erkenning te gee, die verskillende dokumente afsonderlik bevra behoort te word. Aangesien die kerk egter op een of ander wyse tot 'n selfverstaan moet kom wat hom nie in onsekerheid tussen 'n verskeidenheid van persepsies sal laat bly twyfel oor wat sy wese en sy taak is nie, is dit seker op 'n keer toelaatbaar en noodsaaklik om, dan maar selektief en miskien selfs subjektief, 'n paar dinge te sê oor wat vermoedelik as wesenlike karaktertrekke van die kerk beskou kan word. Dit is alreeds bykans deurgaans die geval dat die gestalte wat kerke in die praktyk aanneem, dit wat hulle bely, weerlê (so tereg Beintker 1993:150). Kerke kry dit dus nie reg om hulle belydenis in dade om te sit nie, en die gevaar van so 'n diskrepansie is nog groter waar daar by 'n kerk onduidelikheid is oor hoe hy homself moet verstaan.

## 3. STELLINGS

### 3.1 Die konstituering van die kerk

*Hoewel Jesus nie die kerk gestig het nie, konstitueer Hy nogtans die kerk, sy liggaam.*

Hierdie stelling het geen bewysvoering nodig nie. Dat Jesus nie die historiese stigter van die kerk was nie, sluit naamlik nie uit dat Hy deur sy verlossingsdaad die oorsprong, en as lewende Here die konstitueerder van die kerk geword het nie. Inteendeel, daar kan van ekklesiologie nie sprake wees anders as dat dit in die sotereologie gegrond is nie (so tereg Hübner 1993:191), en dat daar van kerk sprake kan wees sonder die skeppende teenwoordigheid van die Here van die kerk deur sy woord en Gees, is ondenkbaar (vgl Käsemann 1972:196; Ziesler 1983:63). Dit is belangrik om daarop te let dat die gelowiges as behorende aan Christus, lede van sy kerk word, en nie omgekeerd éérs lede van die kerk word en dan aan Christus deel kry of het nie. Christus is daar vóór die kerk word en Hy los Homself nie in die kerk op nie (Käsemann 1972:202).

### 3.2 Ontstaan en voortbestaan

*Die ontstaan van die kerk is die Paaskerugma, en sy voortbestaan is die volgehoue verkondiging van hierdie kerugma.*

Alles dui daarop dat die Paaservaringe van die Jesusvolgelinge, hoewel dit histories nie meer rekonstrueerbaar is nie, die stukrag was vir die ontstaan van die kerk (kyk Schenke 1990:81). Hoe die Paaskerugma daar uitgesien het, is nie meer vasstelbaar nie, maar dat die blye boodskap: 'Jesus het opgestaan!', die kern daarvan uitgemaak het, kan seker nie ernstig betwyfel word nie. Om hierby te beklemtoon van watter sentrale belangrikheid die volgehoue verkondiging van die kerugma vir die bestaan en lewe van die kerk is, mag klink na die konstatering van die vanselfsprekende. Dit is inderdaad die geval, maar dit hoort ook so omdat daar nooit genoeg klem gelê kan word op die kardinale belangrikheid van die woordverkondiging wat veronderstel is om as woord-*gebeurtenis* tot 'n *eksistensiële* gebeurtenis by die hoorders te word nie, mits dit natuurlik *verstaan* word. En omdat hierdie woord wat verkondig word, die *lewe* is, is dit niks anders as *Jesus Christus* wat geopenbaar word nie (Bultmann 1960a:18; vgl ook Schweizer 1959:208). Dit maak dat die woordverkondiging die *heilsgebeure* in Christus is, telkens wanneer dit opnuut gehoor en verstaan word. Benewens die feit dat dit die woord is wat lewe gee, is die woordverkondiging daarby van so 'n sentrale belang omdat dit nooit tot 'n geopenbaardheid word of die deurgee van algemene waarhede is nie, maar telkens 'n kontingente daad van

God is wat opnuut in elke nuwe situasie aangehoor moet word en telkens om 'n nuwe geloofsbeslissing vra (Bultmann 1960b:120-1). As die verkondiging nie telkens opnuut in elke situasie gestalte aanneem nie, word dit tot 'n *leer*, soos trouens reeds in die vroeg-katolieke periode gebeur het (Wegenast 1980:477). Die taak van die kerk is nie om 'n *leer* te verkondig nie, maar wel die *evangelie* wat telkens nuut is en nie tot 'n leer verstar nie. Die kerk kan dus nooit klaarkry met die woordverkondiging nie, maar kan dit ook nie doen met die benadering dat hy nog daarop sal verbeter nie. As die kerk meen om op sy verkondiging te moet verbeter, het hy nog nie erns met sy verkondiging gemaak nie. Hy behoort dus só erns met sy verkondiging te maak dat dit telkens onverbeterlik behoort te wees, behoort te wees wat dit veronderstel is om te wees, naamlik God se openbaring. Bultmann het tereg opgemerk dat die kerk wel altyd 'n beter teologie moet eis maar nie 'n altyd beter verkondiging nie, net verkondiging as sodanig.

Die woord moet egter nie alleen elke keer nuut verkondig word nie, dit moet telkens weer nuut gehoor word. Daar rus net so 'n groot verantwoordelikheid op die kerk by die hoor as by die verkondiging, omdat dit wat in die verkondiging gehoor word, ook nooit tot 'n gehoordheid kan word nie. Die verkondiging moet derhalwe telkens tot 'n nuwe hoorgebeurtenis, tot 'n geloof-uit-die-gehoor-gebeurtenis word, 'n nuwe gelowige selfverstaan.

### 3.3 Kerk in erediens

*Die deur en onder die kerugma in die erediens versamelde gemeente is die eerste, die sigbaarste en die wesenlikste verskyning van die kerk.*

Dit is ondenkbaar dat wanneer 'n mens na die kerk in sy verskyning sou vra, jy na iets anders verwys sou kon word as die versameling van mense in ('n) die erediens. Dáár is die kerk op sy sigbaarste en dáár kom hy op sy suiwerste en wesenlikste tot uitdrukking (vgl Bultmann 1968:309). Maar dit is nie al nie, wat buite en rondom die erediens in die praktyk van die gemeentelewe gebeur, of nie gebeur nie, staan in direkte verband met wat in die erediens gebeur het of nie gebeur het nie. Daarom is die kerk soos hy in sy erediens is; hy is nie sonder sy erediens nie en hy is nie dáár as hy nie in die eerste plek en telkens weer daar is in sy erediens nie. En omdat dit in die erediens is dat Christus deur die woord wat Hom verkondig die eerste keer en telkens weer met sy gemeente in ontmoeting tree, bly die erediens die plek waar die kerk opnuut kerk word wanneer hy die woord hoor en dit in die geloof tot sy eie maak. Juis omdat dit in die erediens nie gaan om die verkondiging van geopenbaardhede of die deurgee van algemene waarhede wat vir die geestelike lewensonderhoud opgegaar kan

word nie, bly die erediens die sentrale gebeure waarheen die kerk telkens weer moet terugkeer om die lewe deur die woord te ervaar. Elke woordgebeurtenis in die erediens is 'n unieke eksistensiële gebeurtenis en behoort dit ook telkens gemaak te word. In die erediens verskyn die kerk egter nie net as hoorder nie, maar in antwoord op die prediking juis ook as belydende, biddende en lofprysende geloofsgemeenskap. Dit is in hierdie saamwees in die erediens om in antwoord op God se genade en op sy woord wat dit verkondig, sáám te bely, sáám te bid en sáám te loof dat die kerk op sy kenmerkendste sigbaar word.

**3.4 Geloofsgemeenskap in profane sfeer**

*Vanuit hierdie sentrum vorm die kerk egter ook in die profane sfeer 'n lewensgemeenskap wat deur die geloof bepaal is, 'n lewensgemeenskap waarin die gelowiges wedersydse verantwoordelikheid vir mekaar aanvaar en mekaar wedersyds respekteer, liefhet, bystaan en dien.*

Vanselfsprekend bestaan die kerk nie net daar waar hy in die erediens versamel is nie en hou hy nie na die erediens op om kerk te wees nie. Die kerk is nie 'n eensydig kultiese gebeure wat slegs in die erediens te vind is en nêrens anders nie. Vanuit die erediens is die kerk juis ook dáár te vind waar die geloofsverstaan waartoe die woordverkondiging die kerk gebring het, deur die liefde tot dade oorgaan. Dit is natuurlik 'n andersoortige faset van die kerk as dié in die erediens. Miskien moet ons sê dat die kerk hier op sy konkreetste verskyn, mits daar natuurlik nie 'n diskrepansie is tussen wat enersyds in sy erediens en andersyds daar rondom gebeur nie. Wat egter nie in die erediens eksistensieel belewe is nie, kan nie rondom die erediens tot uitdrukking kom nie. Dit wil sê, as daar in die erediens nie tot 'n gelowige selfverstaan gekom is nie, sal daar na en rondom die erediens nie 'n konkrete vergestalting daarvan plaasvind nie.

**3.5 Kriterium vir ldmaatskap**

*Geloof is die enigste kriterium vir lidmaatskap van die kerk.*

Paulus se hele betoog in die Galasiërbrief, wat hy in die Romeinebrief herhaal het, was dat daar naas geloof geen ander vereiste gestel mag word vir lidmaatskap van die kerk nie. En wat van Paulus geld, geld basies van die res van die Nuwe Testament. Die feit dat geloof die enigste kriterium is, plaas natuurlik op die kerk en die lidmaat 'n baie groter verantwoordelikheid as wanneer allerlei ander kriteria ook sou kon geld.

### 3.6 Doop en lidmaatskap

*Die doop is die sigbare en openbare handeling waardeur die gelowige in die kerk ingelyf word.*

Alles dui daarop dat die doop van betreklik vroeg af as inisiasierite in die kerk gegeld het (vgl oa Hübner 1993:191-192). En as 'n mens in aanmerking neem hoeveel van die Nuwe-Testamentiese dokumente getuienis oor die dooppraktyk bevat, kan daaruit afgelei word dat hierdie instelling ook betreklik wyd in kerklike kringe aan die orde was. Neem 'n mens verder in aanmerking wat alles oor die betekenis van die doop gesê word, dan word dit duidelik dat dit nie slegs as inisiasierite gesien is nie. Ons verneem onder andere dat dit vergewing van sondes verseker en gepaard gegaan word met die Gees as gawe aan die dopeling (Hand 2:38), dat dit die dopeling saam met Christus laat sterwe om saam met Hom te kan lewe (Rom 6:1-11) of dat dit wedergeboorte bewerkstellig (Joh 3:5; Tit 3:5). Dit alles dui op 'n Nuwe-Testamentiese verstaan van die doop as self 'n heilshandeling in eie reg en nie bloot 'n simboliese handeling wat heenwys na die heil nie. Om hierdie rede blyk dit ook vir die vroegste kerk ondenkbaar te gewees het dat 'n gelowige nie gedoop sou wees nie. Vir Paulus blyk die uiterste konsekwensie van in die kerk ingelyf te wees, die in-Christus-wees van die gelowige te wees. Die 'in Christus' formule gee op sy wesenlikste uitdrukking aan die eksistensiële verbondenheid wat die gelowige met Christus het. Dit is daarom by Paulus die grondliggendste en sentraalste ekklesiologiese formule.

### 3.7 Lidmaatskap en kerk

*Hoewel die lidmate in die kerk ingedoop word, is hulle nogtans nie in die kerk nie, maar is hulle die kerk.*

Omdat die kerk uit sy lidmate bestaan en hulle nie in die kerk is nie (kyk oa Stendahl 1959:1301), kan hulle nie teenoor of as te onderskeie van die kerk gedink word nie. Niemand kan hom- of haarself *as lidmaat* teenoor die kerk stel nie, want op daardie punt dat dit gebeur, hou hy of sy op om lidmaat te wees. Dit is juis hierdie wesenskenmerk van die kerk wat maak dat die kerk kwalitatief anders is as 'n klub of 'n vereniging waarby jy jou kan aansluit of waaraan jy jou weer na eie goeddunke kan onttrek, sonder om 'n eksistensiële verbondenheid daarmee te hê. Dit is onder andere ook wat Paulus se siening was aangaande die verbondenheid van die lidmate aan die kerk en dit is van wesenlike belang vir die selfverstaan van die kerk. Verstaan 'n mens jou lidmaatskap van die kerk so, het dit natuurlik ingrypende implikasies vir 'n mens se verantwoordelikhede en die gesindheid wat jy te openbaar het. As die

lidmate van die kerk so oor die kerk dink, vind niks meer net in een rigting plaas nie: kritiek word selfkritiek, liefde word wederliefde, verantwoordelikheid word medeverantwoordelikheid, dit wil sê resiprositeit is hier die wagwoord. Dit is immers die essensie van wat Paulus betoog het met gebruikmaking van die liggaambeeld in 1 Korintiërs 12:14-21.

### 3.8 Gees en kerk

*Die kerk is 'n pneumatiese grootheid deurdat dit deur die Gees deurdronge is en beheers word.*

Terwyl daar in die Nuwe Testament oor die rol van die Gees verskeie uitsprake gemaak word, wil dit lyk of die gedagte wat voorop staan, dié is dat die Gees die wyse is waarop Christus in sy kerk teenwoordig is en werk. 'Die Kirche ist der Ort seiner (Christus se) Gegenwart nur insofern, als der Geist das Mittel seines Gegenwärtigwerdens bleibt' (Käsemann 1972:196). Wat egter ook prominent na vore kom, is dat die Gees ook die besondere gawe van Christus aan elke gelowige is om die gelowige se lewe te vervul en te beheers. Käsemann (1933:184) gaan selfs sover as om te sê dat in die kerk sowel Christus as die gelowige van hulle historiese individualiteit beroof word, en dat albei voortaan die daarstelling is van 'n nuwe stand van sake, dié van die pneuma. Dit maak van die gelowige 'n *pneumatiese* mens wat nie meer aan die *sarkiese* onderworpe is nie, nie meer sy lewe daarvolgens moet inrig en nie meer daarvolgens beoordeel moet word nie. Dit maak hom 'n nuwe skepping in Christus. Die feit dat die kerk 'n pneumatiese grootheid is, maak dit kwalitatief anders as enige wêreldse instelling. Dit maak die kerk tot 'n liggaam wat volledig deur die Gees in staat gestel, beheers en gedefinieer word (Ziesler 1983:62; Nardoni 1992:662).

### 3.9 Die bedieninge: Funksies van die kerk

*Die kerk funksioneer deur sy bedieninge, maar dan as funksies van die kerk en nie dienste aan die kerk nie.*

Die kerk mag daarom nooit as die objek of die produk van die bedieninge gesien word nie. Indien die bedieninge gesien sou word of sou funksioneer as dienste aan en nie van die kerk nie, loop hulle gevaar om van die kerkvolk gedistansieer en in 'n sekere sin selfs van hulle vervreem te raak. Dit is trouens 'n benadering soos hierdie wat in die geskiedenis van die vroeë en middeleeuse kerk gelei het tot die ontstaan van die groeperinge van *klerus*, die amptekorps wat alléén geweet het waarom alles in die kerk gaan en moet gaan, en die sogenaamde *leke*, die onkundiges, vir wie alles soos met 'n lepel ingegee moes

word. Dit is ook bekend dat dit nie hier geëindig het nie, maar verword het tot klerikalisme, die dominering van die kerkvolk deur die ampte. Alleen wanneer die bedieninge gesien word as funksies van die liggaam van Christus wat saam met alle ander lede van hierdie liggaam ten behoewe van die hele liggaam funksioneer, sal hulle geïntegreerd in die kerk hulle taak vervul en nie op 'n afstand van die kerkvolk te staan kom nie. Dat die bedieninge so ook eers werklik effektief kan wees, het geen bewysvoering nodig nie. Indien hierdie benadering die heersende is, sal die kardinale funksie van die priesterskap van die gelowige eers tot sy reg kan kom. Dan sal daar nie meer leke wees nie, maar alleen gelowiges wie se woorde en dade elkeen op sy beurt 'n eie kragtige getuienis van en vir die evangelie en die Here van die kerk sal wees. Die volgende woorde van Käsemann gee treffend uitdrukking aan die noodsaaklikheid daarvan dat die priesterskap van die gelowige in die kerk met erns bejeën behoort te word, en nie bloot 'n teoretiese saak mag bly nie: 'Einzig das allgemeine Priestertum aller Gläubigen bekundet die Wirklichkeit des Leibes Christi als seiner Universalität beanspruchenden Herrschaft' (1972:207).

### 3.10 Die bedieninge: Charismaties en nie-hiërargies

*Die kerklike bedieninge is streng charismaties en nie-hiërargies van aard, maar mag nie willekeurig en ongeordend geskied nie.*

Dat die Pauliniese beskouing oor die bedieninge, en bygevolg die bedieningspraktyke in die Pauliniese gemeentes, by uitstek nie-hiërargies en charismaties (met die klem op deur-die-Gees-gegee-en-gewerk) van aard was, hoef nie beredeneer te word nie. 'Nicht hierarchischer Zwang, der die Mehrheit zur Passivität verdammt, bestimmt die Wirklichkeit der Gemeinde, wie sie sich Paulus vorstellt, sondern der Dienst und darin die Autorität aller im Handlungsraum der Gemeinde ...' (Wegenast 1980:477). Hierdie nie-hiërargiese en charismatiese karakter van die bedieninge moet in die vroegste stadia ook in ander kringe as die Pauliniese gegeld het. Maar hoewel 'n mens seker nie sou kon beweer dat hierdie karaktertrekke in latere, meer geïnstitusionaliseerde kringe soos dié van die Pastorale Briewe totaal verdwyn het nie, het dit sonder twyfel sterk op die agtergrond gedring geraak. Moet dit gesien word as 'n natuurlike en legitieme ontwikkeling of as 'n degenerasie? 'n Mens kan ontwikkeling in die rigting van 'n vaster en meer geordende opset nie sonder meer as afval bestempel nie (so tereg Wegenast 1980:478), maar wanneer 'n mens in aanmerking neem waartoe van hierdie ontwikkelinge uiteindelik in die episkopale strukture gelei het, kan 'n mens nie anders as om dit minstens as die begin van 'n degenerasie te sien nie. Aan die ander kant moet toegegee word dat die vryheid

waarmee die charismata in die Pauliniese gemeentes beoefen is, klaarblyklik soms tot onordelikhede gelei het, en dat dit Paulus genoop het om ter wille van orde sekere maatreëls te tref. Met hierdie maatreëls het hy egter nie die bedieninge hulle nie-hiërargiese en charismatiese karakter ontneem nie. En dit is per slot van rekening wat van belang is, of dit nou om meer gereelde of om sporadiese bedieninge in die kerk gaan: hulle wesenlike karakter, die charismatiese, moet steeds behoue bly, maar daar moet maatreëls wees vir die geordende beoefening daarvan.

### 3.11 Voorgeskrewe bedieningstruktuur?

*Daar is in die Nuwe Testament nie 'n voorgeskrewe 'bedieningstruktuur' nie.*

Soos reeds in die voorafopmerkings hierbo gestel is, blyk dit uit die Nuwe Testament dat daar in die verskillende kringe van die vroegste kerk verskillende 'bedieningstrukture' aan die orde was, vir sover ons reeds van so iets as 'n bedieningstruktuur kan praat wat die Nuwe-Testamentiese periode betref. Ons kan in elk geval nie van dié bedieningstruktuur van/in die Nuwe Testament praat nie. Daar is eenvoudig nie so iets nie (kyk oa Schweizer 1959; Pelser 1990). Veral in die Pauliniese gemeentes het daar duidelik nie 'n vaste struktuur bestaan nie (vgl Conzelmann & Lindemann 1980:431; Ziesler 1983:68). Hierdie feit maak dit onmoontlik om selfs net te dink aan 'n Nuwe-Testamentiese bedieningstruktuur wat in die kerk van toepassing sou moes wees. Wat wel met 'n hoë mate van sekerheid gesê kan word, is dat in alle Nuwe-Testamentiese kringe die bediening van woordverkondiging in mindere of meerdere mate as die sentrale en grondliggende gefunksioneer het. Derhalwe behoort alle ander bedieninge hulle legitimiteit en aard hieruit af te lei, en hier rondom behoort hulle altyd te funksioneer. 'n Bepaalde bediening het dus alleen sin as dit dien tot bevordering van die verkondiging en om aan die verkondiging in die harte en lewens van die gelowiges gevolg te help gee. Die verkondiging bly die één onmisbare bediening van die kerk. Terwyl die kerk nog sonder ander bedieninge denkbaar is en kan eksisteer, is hy dit nie en kan hy dit nie sonder die verkondiging nie.

### 3.12 Die kerk vóór die lidmate

*Omdat Christus die kerk konstitueer en die kerk in die eerste plek sy liggaam is, gaan die kerk tydlik en saaklik aan die lidmate vooraf, sodat die kerk nie eers gevorm word deur die somtotaal van sy lidmate nie.*

Hoewel die kerk dus vanselfsprekend uit sy lidmate bestaan, is dit nogtans nie so dat die kerk *deur* sy lidmate tot stand kom of bestaan nie. Juis omdat Christus die kerk konstitueer, is die kerk as die liggaam van Christus altyd vóór

die lidmate daar (vgl Bultmann 1968:311; Conzelmann 1968:281,289; Bornkamm 1969:185). Die kerk is om hierdie rede ook méér as die lidmate. Daarom behoort die kerk ook nie aan sy lidmate nie, maar alleen aan Christus, die verlosser en Here van die kerk.

### 3.13 Die kerk vóór die gemeente

*Soos die kerk aan die lidmate voorafgaan, so gaan die Gesammtkirche aan die Einzelgemeinde vooraf, hoewel laasgenoemde 'n volledige uitdrukking van die kerk op elke plek is.*

Hiermee word nie bedoel dat die *Gesammtkirche* 'n swewende, onsigbare grootheid êrens is wat deur elke *Einzelgemeinde* sigbaar gemaak moet word nie. Dit is eerder andersom: al die gemeentes, elkeen op sy eie plek, is volledige daarstellings van die kerk, en só is die kerk daar. Die kerk soos hy plaaslik daar is, kan egter, al is hy volledig kerk, nie los gedink word van of hom stel bo die kerk soos hy ook op al die ander plekke daar is nie. In hierdie sin gaan die kerk soos hy oral daar is, vooraf aan die kerk op 'n bepaalde plek (Bultmann 1968:96; Conzelmann 1968:281). Die onderskeidende terme 'gemeente' en 'kerk', mag egter nooit so gebruik word dat dit die indruk skep dat die gemeente onvolledig kerk is en dat eers die somtotaal van gemeentes komplementerend tot mekaar die kerk uitmaak nie (vgl in hierdie verband veral Hainz 1972:236-9).

### 3.14 Een kerk?

*Hoewel daar net één universele kerk is, was die kerk nooit in dié sin één dat dit oral en altyd in alle opsigte eenders gedink en gedoen het nie.*

Reeds gedurende die vroegste stadia was daar verskillende 'kerke', 'n feit wat soos reeds hierbo aangedui, duidelik herkenbaar is en uitdrukking gevind het in die verskillende dokumente van die Nuwe Testament. Om die bestaan van meerdere kerke vandag voor te stel as iets wat nie die toets van die Nuwe Testament kan deurstaan nie, berus dus op 'n idealistiese beskouing oor hoe die kerk van die eerste dekades daar sou uitgesien het. 'n Eenheidskerk in die sin waarin dikwels oor die eenheid van die vroegste kerk geïdealiseer word, het eenvoudig nooit bestaan nie. In hierdie verband bly die veelgesiteerde stelling van Käsemann (1970:151) so geldig soos altyd, naamlik dat die Nuwe-Testamentiese kanon as sodanig nie die eenheid van die kerk nie maar die veelheid van denominasies (*Konfessionen*) begrond (kyk ook Van Aarde 1989:466-474). Wat van die Pauliniese gemeentes gegeld het, kan net so goed van toepassing gemaak word op die kerk in die algemeen. Die volgende opmerkings van Käse-

mann (1972:206) is baie ter sake: Paulus het nie gepleit vir uniformiteit in sy gemeentes nie, maar vir solidariteit. Eenderse mense het vir mekaar niks te sê nie en kan mekaar nie van hulp wees nie. Die noodwendigheid en die seën van die Christelike vryheid is juis om nie aan almal dieselfde nie, maar aan elkeen sy eie te gee en te laat. Eendersheid (Gleichheit) '...ist der Todeszustand der Solidarität' (Käsemann 1972:206).

### 3.15 Kerk en koninkryk

*Kerk en koninkryk van God is nie aan mekaar gelyk nie en die fisiese groei of uitbreiding van die kerk verteenwoordig daarom ook nie die 'uitbreiding' van die koninkryk nie.*

Hoewel daar nêrens in die Nuwe Testament gehandel word oor die verhouding kerk en koninkryk nie, lyk dit voor die hand liggend dat die Godsheerskappy verder as die kerk strek. Die 'koms' of realisering van God se heerskappy berus ook by God alleen en is nie afhanklik van wat in die kerk gebeur of nie gebeur nie. Daar kan dus nie sprake daarvan wees dat die kerk of iemand in die kerk meewerk aan die koms of realisering van God se heerskappy nie. Hierdie insig is al so dikwels op onomstootlike eksegetiese gronde beredeneer dat dit geen verdere argumentasie verg nie (kyk Grässer 1974:20-21; vgl ook Schweizer 1959:14). Die term koninkryk van God is ook nie essensieel 'n eskatologiese term nie. Dit verwys eenvoudig na die heerskappy van God, sy soewereiniteit (so tereg Vorster 1991:540), wat buitendien ook oor die kerk strek. Die kerk is daarom eerder die resultaat van die koms van God se heerskappy, nie die realiseerder daarvan nie.

### 3.16 Paradoksaal afgesonder van die wêreld

*Die kerk is in sy relasie tot die wêreld eksklusief, maar in paradoksale sin.*

Die kerk se eksklusiwiteit en afgegrensdheid van die wêreld word veral uitgedruk deur terme soos ἐκλεκτοί, κλητοί, κεκλημένοι, ἅγιοι, ἡγιασμένοι, κλητοὶ ἅγιοι (vgl Bultmann 1968:101). Dit is 'n paradoksale eksklusiwiteit omdat die kerk aan die een kant nie van die wêreld is nie en van die wêreld te onderskei is, maar aan die ander kant die *locus* van sy kerkwees nêrens anders het as in hierdie wêreld, ten behoewe van hierdie wêreld nie (vgl Conzelmann 1968:281). Die kerk is en word dus uit die wêreld geroep om in die wêreld ingestuur te word. So gesien, is die kerk tegelyk 'n nie-wêreldse én 'n wêreldse fenomeen. Natuurlik bevind die kerk hom as gevolg van hierdie situasie in 'n voortdurende spanning. Aan die een kant kan hy sy karakter as kerk alleen behou as hy sy nie-wêreldgelykvormigheid streng handhaaf. Aan die ander kant kan hy sy roe-

ping as kerk alleen vervul as hy homself nie van die wêreld afsluit nie, maar oop en uitgaande is na die wêreld toe. Daar is egter ook 'n ander paradoks in die kerk se eksistensie in die wêreld aanwesig, 'n indikatief-imperatief paradoks: enersyds is die gelowiges van hulle verlede en die wêreld geskei, andersyds staan hulle steeds onder die imperatief om hierdie skeiding opnuut te verwerklik (vgl Bultmann 1968:101-102).

### 3.17 Kwalitatief anders as die wêreld

*Die kerk is ook kwalitatief anders as die wêreld, veral in dié opsig dat die wêreldse strewes, norme, onderskeide en statusverskille van geen belang of krag in die kerk is nie.*

Hierdie feit bring vanselfsprekend die lidmate van die kerk wat daagliks leef in 'n wêreld waarin hierdie onderskeide as doodnatuurlik en selfs as essensieel vir die funksionering van die samelewing beskou word, voor van die moeilikste hindernisse in hulle lewe te staan. Om hierdie hindernis te oorkom en die tree na benede sowel as oor grense heen te gee is vir die meeste nie maklik nie. Maar daar is nie 'n alternatief nie en daarom kan daarvan nie teruggedeins word nie; hierdie onderskeide mag eenvoudig nie na die kerklike gemeenskap toe oorgedra word nie. Aan die ander kant moet die kerk nie hierdie onderskeidlose karakter van hom op die wêreld probeer oordra en tot 'n wêreldprogram probeer maak nie. Dan sou die kerk op die terrein van die wêreld beweeg en die wêreld tot 'n sakrale ruimte probeer maak. Die wêreld kan eenvoudig nie tot so 'n heilige ruimte gemaak word nie. Die kerk sou dan ook gevaar loop om hierdie onderskeide te heraktiveer, maar dan onder Christelike vaandel (so tereg Conzelmann 1968:289-90). Nogtans moet die kerk met betrekking tot hierdie saak 'n kritiese funksie teenoor die wêreld vervul (vgl Conzelmann 1968:281), veral ten opsigte van die onderskeide wat veronregting, onderdrukking, uitbuiting en ontmensliking in die hand werk of dit vanself is.

### 3.18 Eskatologies

*Die kerk is 'n eskatologiese fenomeen.*

Daar is nie twyfel daaroor dat die eerste Christene hulleself gesien het as lewende in die 'laaste dae' en dat hulle toekomsperspektief deur 'n *Naherwartung* gekenmerk was nie. Dit op sigself hoef nog nie veel te sê met betrekking tot die kerk as eskatologiese fenomeen nie. Wat hierby gedink moet word, word waarskynlik die beste deur Paulus met die formule ὡς μή in 1 Korintiërs 7:29-31 uitgedruk. Hiermee word uitdrukking gegee aan 'n selfverstaan waarvolgens die kerk gesien word as bestaande uit 'in die eschatologische

Existenz Versetzten' (Bultmann 1960:47; vgl ook Conzelman 1968:52). Dit beteken dat die kerk homself nie meer gesien het as deel van die geskiedenis of as iets wat nog in die geskiedenis tot kerk moes ontwikkel of word nie. Omdat die kerk nie 'n historiese fenomeen is nie, het dit nie 'n geskiedenis nie en is dit ook nie daarop uit of besig om geskiedenis te maak nie. 'Das *neue Gottesvolk, die Kirche*, hat keine Geschichte, sie ist ja die Gemeinde der Endzeit, ein eschatologisches Phänomen' (Bultmann 1964:41). Die bestemming van die kerk lê daarom nie by die eindpunt van 'n historiese ontwikkeling nie. Die kerk is reeds by sy bestemming en bereik dit telkens weer in sy ontmoeting met die Here van die kerk. Dit is reeds hier en nou volledig kerk en word dit telkens weer in elke geloofsbeslissing. Die kerk is derhalwe ook nie 'n tussentydse fenomeen of slegs 'n middel tot 'n doel nie. Die heil word reeds hier en nou in die kerk gerealiseer.

### 3.19 Paradoksaal eskatologies

*Die kerk eksisteer paradoksaal eskatologies.*

Die paradoksale van die kerk se eskatologiese eksistensie is geleë in die feit dat die kerk as eskatologiese fenomeen enersyds reeds anderkant die tyd en die geskiedenis en andersyds nog te midde van die voortskreidende tyd en gang van die geskiedenis eksisteer. Die kerk is dus wel nie 'n historiese fenomeen nie, maar word tog in die geskiedenis verwerklik. Bultmann (1960c:48) het hierdie paradoks van die kerk se eksistensie soos volg uitgedruk: '...sie (die kerk) ist kein historisches Phänomen im Sinne der Weltgeschichte, sie ist aber ein geschichtliches Phänomen im dem Sinne, dass sie sich in der Geschichte verwirklicht'.

### 3.20 Die kerk as gebeure

*Omdat die kerk telkens weer kerk word en moet word, is die kerk 'n dinamiese grootheid, is dit gebeure en nie 'n objek nie.*

Die kerk bestaan uit mense wat daagliks tot selfverstaan moet kom, geloofsbeslissings moet maak en dienooreenkomstig moet lewe. Erkenning van die gebeure-karakter van die kerk vrywaar die kerk daarvan om verdinglik te word tot 'n blote instelling waarin al wat gebeur die rites en seremonies is wat daarin beoefen word. Die kerk is nie 'n gegewene wat eenmaal daar is en dit nie opnuut hoef te word nie. So min as dat die geloof 'n gegewene of *habitus* is wat vir eens en vir altyd dáár is, so min is die kerk vir eens en vir altyd daar. Die

kerk is alleen wat dit telkens weer word. Om hierdie rede sou 'n mens kon sê dat die kerk ook altyd toekomstig is. Daar is die dialektiese spanning van die kerk wat is en telkens weer moet word wat dit is. Soos reeds gesê, beteken dit nie dat die kerk moet word wat hy nog nie is nie. Dit beteken net dat die kerk nooit 'n afgehandelde saak is nie, maar telkens weer opnuut 'n gebeurtenis is.

### 3.21 Sigbaar én onsigbaar? Corpus permixtum?

*Die onderskeid wat dikwels getref word tussen die sogenaamde sigbare en onsigbare kerk, het geen Nuwe-Testamentiese basis nie. En net so is die spreke en denke oor die kerk as 'n corpus permixtum 'n futiele onderneming.*

Die kerk as fenomeen in hierdie wêreld, kan nie anders as om voluit sigbaar te wees nie. Om te beweer dat die ware kerk eintlik 'n onsigbare grootheid is, is om met 'n idee van die kerk te werk wat nie reg laat geskied aan die konkrete karakter van die kerk hier en nou nie. Die implikasie hiervan is dat die kerk in die wêreld altyd gesien word as onvolledig, voorlopig en nog nie werklik kerk nie. Soos in die geval van die beskouing van die kerk as 'n *corpus permixtum* dien hierdie benadering dikwels daartoe om die kerk sy versuim of sy leemtes te verskoon. En vir sover dit waar mag wees dat die kerk 'n *corpus permixtum* is, is dit nie vir die kerk om dit deel van sy selfverstaan te maak en sodoende te probeer vrede maak met die feit van ongewenste elemente in sy geledere nie. Die kerk moet die ingesteldheid hê om onvermeng kerk te wees, of nie kerk te wees nie.

### 3.22 Organisme én instituut?

*Om tussen die kerk as organisme en as instituut te onderskei, is ekklesiologies nie te regverdig nie.*

Daar bestaan geen Nuwe-Testamentiese grond vir die verwysing na die kerk as instituut wanneer dit gaan oor die institusionele, organisatoriese sy van die kerk, en as organisme wanneer gedink word aan wat die kerk wesenlik is nie. Ook die institusionele sy van die kerk is wesenlik van die kerk, en is iets waarsonder die kerk nie gedink kan word nie. Hierdie onderskeiding skep die indruk dat die kerk 'n meer sekulêre sy teenoor 'n meer geestelike het. Die organisme-gedagte word dan dikwels ook oorspan so asof dit die eintlike en unieke wese of bestaansvorm van die kerk uitmaak. Hoewel Paulus die kerk inderdaad die liggaam van Christus noem, gebruik hy die organismegedagte paraneties om die onderlinge eenheid van die lede van die kerk en hulle verantwoordelikheid vir

mekaar mee te beklemtoon. Dit blyk dus dat hy hierdie voorstelling *ad hoc* aanwend en nie bedoel as 'n direkte daarstelling van wat onder kerk verstaan moet word nie (so Conzelmann 1968:286-7). Wat tradisioneel gesien is as die sentrum van die Pauliniese voorstelling van die Christusliggaam moet daarom waarskynlik eerder gesien word as 'n hulpmiddel waarvan Paulus hom in sy paranese bedien het (kyk Käsemann 1933:170-1).

### 3.23 Volkskerk?

*Hoewel dit sekerlik so is dat die kerk onder 'n bepaalde volk of kultuurgroep 'n bepaalde karakter aanneem vir sover dit die wyse van kerkwees raak, is die begrip volkskerk 'n contradictio in terminis en van huis uit onaanvaarbaar.*

Die feit dat die kerk onder 'n volk 'inheems' word en so by daardie volk 'n bepaalde karakter aanneem, mag nie daartoe lei dat die kerk se karakter naderhand meer deur die volkseie bepaal word as deur dit wat die wese van die kerk uitmaak nie. Kerk en volk is twee kwalitatief van mekaar te onderskeie en onverenigbare entiteite. Die kerk moet elke volk kersten, maar nie in 'n volk opgaan of deur 'n volk as 'n handige instrument vir die bevordering van sy eie strewes gebruik word nie. As dit eers eenmaal só ver gegaan het, het die kerk niks meer vir so 'n volk te sê nie en kan die volk geen baat meer by die kerk vind nie. Die kerk moet gerig wees op die volk, elke volk, maar nooit deur die volk gerig of bepaal word nie. Om sy werk ooreenkomstig sy opdrag te kan doen, moet die kerk teenoor elke wêreldse instelling vry kan bly en hom nie daardeur laat kaap om teen sy aard in 'n karikatuur te word nie.

### 3.24 Missionêre verantwoordelikheid

*Die missionêre verantwoordelikheid van die kerk behoort tot die wese van die kerk.*

Die motief vir die nakoming van hierdie verantwoordelikheid mag egter nooit kerklike imperialisme of ekspansionisme wees nie, maar gehoorsaming van die apostolêre opdrag van die kerk en bewoënheid met die wêreld. Dat die kerk die opdrag het om die evangelie te verkondig, lê opgesluit in die evangelie self, die blye boodskap vir alle mense, en sou dus ook sonder 'n uitdruklike opdrag soos dié in Matteus 28:19 gegeld het. Terwyl daar nie twyfel bestaan oor die doel met hierdie opdrag nie, naamlik die redding van die wêreld, blyk dit egter dikwels die geval te wees dat 'n kerk se sendingywer deur kerklike imperialisme gemotiveer is. Dit blyk naamlik dat vir baie kerke die toename in ledetal of die uitbreiding van die invloedsfeer van 'n bepaalde kerk belangriker is as die

redding van mense. In so 'n geval het die missionêre aktiwiteit van die betrokke kerk natuurlik sy doel jammerlik gemis, en het die kerstening van mense middel tot 'n doel in plaas van die doel self geword. Die bewoënheid wat die kerk met die wêreld het en sy begeerte om die vreugde en die lewe waaraan hy deel het, ook die eie van ander te maak, ontken nie die bestaan van ander godsdienste en die vervulling wat ander uit hulle godsdiens put nie. Nogtans glo en verkondig die kerk dat daar maar één God is vír wie ons lewe en één Here déúr wie ons lewe. Die kerk verklaar dus nie negatief die aanhangers van ander godsdienste tot verlorenes nie, maar wil positief aan hulle die evangelie verkondig om hulle in dieselfde heerlikheid te laat deel as die kerk. Verlorenheid of nie-verlorenheid van die aanhangers van ander godsdienste is nie vir die kerk om oor te oordeel nie. Dit berus by God alleen.

**Literatuurverwysings**


Beintker, M 1993. Das Wort vom Kreuz und die Gestalt der Kirche. *KUD* 39, 149-163.

Borg, M J 1988. A renaissance in Jesus studies. *Theology Today* 45, 280-292.

— 1991. Portraits of Jesus in contemporary North American scholarship. *HThR* 84, 1-22.

Bornkamm, G 1969. *Paulus*. 2.Aufl. Stuttgart: Kohlhammer. (UTB 119.)

Bultmann, R 1960. *Glauben und Verstehen: Gesammelte Aufsätze, III*. Tübingen: Mohr.

— 1960a. Der Begriff der Offenbarung im Neuen Testament, in Bultmann 1960:1-34.

— 1960b. Wissenschaft und Existenz, in Bultmann 1960:107-121.

— [1948] 1960c. Neues Testament und Mythologie: Das Problem der Entmythologisierung der neutestamentliche Verkündigung, in Bartsch, H W (Hrsg), *Kerygma und Mythos: Ein theologisches Gespräch, I.Band*, 15-48. Hamburg: Herbert Reich-evangelischer Verlag. (ThF1.)

— [1957] 1964. *Geschichte und Eschatologie*. 2.Aufl. Tübingen: Mohr.

— 1968. *Theologie des Neuen Testaments*. 6.Aufl. Tübingen: Mohr.

Conzelmann, H 1968. *Grundrisz der Theologie des Neuen Testaments*. 2.Aufl. München: Kaiser.

Conzelmann H & Lindemann, A 1980. *Arbeitsbuch zum Neuen Testament*. Tübingen: Mohr. (UTB 52.)

Dunn, J D G 1977. *Unity and diversity in the New Testament: An inquiry into the character of earliest Christianity*. London: SCM.

Grässer, E 1974. Zum Verständnis der Gottesherschaft. *ZNW* 65, 3-26.

Hahn, F 1983. Das Problem des Frühkatholizismus, in *Exegetische Beiträge zum ökumenischen Gespräch: Gesammelte Aufsätze, I*, 39-56. Göttingen: Vandenhoeck.

Hainz, J 1972. *Ekklesia: Strukturen paulinischer Gemeinde-Theologie und Gemeinde-Ordnung*. Regensburg: Pustet. (BU 9.)

Hübner, H 1993. *Biblische Theologie des Neuen Testaments, Band 2: Die Theologie des Paulus und ihre neutestamentliche Wirkungsgeschichte*. Göttingen: Vandenhoeck.

Käsemann, E 1933. *Leib und Leib Christi: Eine Untersuchung zur paulinischen Begrifflichkeit*. Tübingen: Mohr.

—— 1970. Begründet der neutestamentliche Kanon die Einheit der Kirche?, in Käsemann 1970:124-133.

—— 1972. Das theologische Problem des Motivs vom Leibe Christi, in *Paulinische Perspektiven*, 178-210. 2.Aufl. Tübingen: Mohr.

Käsemann, E (Hrsg) 1970. *Das Neue Testament als Kanon: Dokumentation und kritische Analyse zu gegenwärtigen Diskussion*. Göttingen: Vandenhoeck.

Küng, H 1970. Der Frühkatholizismus im Neuen Testament als kontroverstheologishes Problem, in Käsemann 1970:175-204.

Luz, U 1974. Erwägungen zur Entstehung des 'Fruhkatholizismus': Eine Skizze. *ZNW* 62, 88-111.

Nardoni, E 1992. Charism in the early church since Rudolph Sohm: An ecumenical challenge. *TS* 53, 646-662.

Pelser, G M M 1990. Die bedieninge in die Nuwe Testament: 'n Ondersoek na historiese wording en prinsipiële regverdigbaarheid. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika* 5, 1-18.

Roloff, J 1978. s v Amt, Ämter, Amtsverständnis. *TRE*.

Schenke, L 1990. *Die Urgemeinde: Geschichtliche und theologische Entwicklung*. Stuttgart: Kohlhammer.

Schulz, S 1976. *Die Mitte der Schrift*. Stuttgart: Kreuz.

Schweizer, E 1959. *Gemeinde und Gemeindeordnung im Neuen Testament*. Zürich: Zwingli Verlag. (AThANT 35.)

Stendahl, K 1959. s v Kirche II. Im Urchristentum. *RGG*.

Trilling, W 1988. Implizite Ekklesiologie: Ein Vorschlag zum Thema Jesus und die Kirche, in *Studien zur Jesusüberlieferung*, 165-183. Stuttgart: Verlag Katholisches Bibelwerk. (Stuttgarter Biblische Aufsatzbände, Neues Testament 1.)

Van Aarde, A G 1987. Gedagtes oor die begin van die kerk – 'n geskiedenis van versoenende verskeidenheid. *HTS* 43, 325-351.

Van Aarde, A G 1989. 'n Nuwe-Testamentiese begronding van die eenheid van die kerk en die eis om kerkeenheid vandag. *HTS* 45, 461-475.

Vorster, W S 1991. Jesus: Eschatological prophet and/or wisdom teacher? *HTS* 47, 526-542.

Wegenast, K 1980. Kirche – Angebot oder verstellte Möglichkeit, in Lührmann, D & Strecker, G (Hrsg), *Kirche: Festschrift für Günther Bornkamm zum 75 Geburtstag*, 471-490. Tübingen: Mohr.

Willi, T 1993. Kirche als Gottesvolk?: Überlegungen zu einem Verständnis von Kirche im Kontext alttestamentlich-frühjüdischer Konzeptionen von Gottesvolk, Gebot und Gottesreich. *ThZ* 49, 289-310.

Ziesler, J 1983. *Pauline Christianity*. Oxford: Oxford University Press.